No 19 - 2013] FIFTH SESSION, FOURTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 12 SEPTEMBER 2013

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

1. Ms L Brown: The undermining of women in the Western Cape.

**ORDER OF THE DAY**

1. Consideration of principle of the *Western Cape Unauthorised Expenditure Bill* [B 7–2013] (Minister of Finance, Economic Development and Tourism).

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICE OF MOTIONS**

1. Ms A J du Toit Marais moved: That the House discusses the wellbeing and working conditions of the health workers in the province of the Western Cape.

2. Ms E Prins moved: That the House discusses Premier Helen Zille's lack of political will to act decisively on the misconduct of a Swellendam DA mayoral committee member who allegedly viewed child pornography in council time and on council equipment and thereby flouting the code of conduct for councillors.

3. Mr K E Magaxa moved: That the House discusses the eviction of poor residents from their homes in Bishop Lavis by the City of Cape Town.

4. Ms A J du Toit Marais moved: That the House discusses the readiness of the Western Cape in respect of disaster management.

5. Ms D Gopie moved: That the House discusses the failure of the Western Cape Provincial Government in implementing solutions to gang violence on the Cape Flats.

6. Ms J Witbooi moved: That the House discusses Minister D Grant's wastage of tax payers' money as he applied for leave to appeal against the judgment that 17 poor black schools may not be closed.

7. Ms N P Magwaza moved: That the House discusses the inferior services at the Helderberg Hospital in Somerset West where mothers are forced to sit on the floor with their premature babies as they wait in long queues.

8. Mr K E Magaxa moved: That the House discusses the failure and refusal on the part of the DA to render proper services to the poor and the working class of the Western Cape.

9. Mr M Ozinsky moved: That the House discusses and condemns actions of the DA and ACDP members in SCOPA as undermining the mandate of SCOPA and the Legislature as set out in Section 114 and 115 of the Constitution;

   (1) "To ensure that all provincial executive organs of state in the province are accountable to it,

   (2) to maintain oversight of

      (i) The exercise of provincial executive authority in the province, including the implementation of legislation; and
      (ii) any provincial organ of state,"

   by allowing the Western Cape Education Department to report on the actions it has taken to implement the recommendations made in the Learner Transport Report, without the report being made public.

10. Mr G C R Haskin moved: That the House debates the responsiveness of the SAPS to community challenges in the Western Cape.

11. Ms N P Magwaza moved: That the House discusses the poor working conditions and lack of medical staff in the Western Cape Department of Health.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==============

# ORDELYS

==============

DONDERDAG, 12 SEPTEMBER 2013

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

1. Me L Brown: Die ondermyning van vroue in die Wes-Kaap.

**DAGORDER**

1. Oorweging van beginsel van die *Wes-Kaapse Wetsontwerp op die Ongemagtigde Uitgawes* [W 7–2013] (Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme).

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE**

1. Me A J du Toit Marais stel voor: Dat die Huis die welstand en werkomstandighede van gesondheidswerkers in die Wes-Kaap Provinsie bespreek.

2. Me E Prins stel voor: Dat die Huis Premier Helen Zille se gebrek aan politieke wil om daadwerklik op te tree oor die wangedrag van 'n DA-lid van die burgemeesterskomitee van Swellendam wat na bewering in raadstyd en op die toerusting van die raad na kinderpornografie gekyk het en daardeur die gedragskode van raadslede oortree het, bespreek.

3. Mnr K E Magaxa stel voor: Dat die Huis die uitsetting deur die Stad Kaapstad van arm inwoners uit hulle huise in Bishop Lavis bespreek.

4. Me A J du Toit Marais stel voor: Dat die Huis die gereedheid van die Wes-Kaap ten opsigte van rampbestuur bespreek.

5. Me D Gopie stel voor: Dat die Huis die versuim bespreek van die Wes-Kaapse Regering om oplossings ten uitvoer te bring vir bendegeweld op die Kaapse Vlakte.

6. Me J Witbooi stel voor: Dat die Huis Minister D Grant se vermorsing van belastingbetalers se geld bespreek aangesien hy aansoek gedoen het om verlof om appèl aan te teken teen die uitspraak dat 17 arm swart skole nie gesluit mag word nie.

7. Me N P Magwaza stel voor: Dat die Huis die diens van minderwaardige gehalte by die Helderberg-hospitaal in Somerset-Wes bespreek waar moeders gedwing word om op die vloer te sit met hulle vroeggebore babas terwyl hulle in lang rye wag.

8. Mnr K E Magaxa stel voor: Dat die Huis die versuim en weiering aan die kant van die DA bespreek om behoorlike dienste aan die arm mense en werkersklas van die Wes-Kaap te lewer.

9. Mr M Ozinsky stel voor: Dat die Huis die optrede van die lede van die DA en ACDP in Skoor bespreek en veroordeel deurdat hulle die mandaat van Skoor en die Wetgewer soos uiteengesit in artikels 114 en 115 van die Grondwet ondermyn naamlik om—

   ‘(1) te verseker dat alle provinsiale uitvoerende staatsorgane in die provinsie aan hom verantwoording doen,
   (2) toesig te hou oor—
      (i) die uitoefening van provinsiale uitvoerende gesag in die provinsie, met inbegrip van die uitvoering van wetgewing; en
      (ii) enige provinsiale staatsorgaan.”,

   deurdat hulle die Onderwysdepartement van die Wes-Kaap toegelaat het om verslag te doen oor die stappe wat deur die departement gedoen is om die aanbevelings toe te pas wat in die Verslag oor die Vervoer van Leerders gedoen is sonder dat die verslag openbaar gemaak word.

10. Mnr G C R Haskin stel voor: Dat die Huis debat voer oor die vermoë van die SAPD om te reageer op die uitdagings wat die gemeenskappe in die Wes-Kaap in die gesig staar.

11. Me N P Magwaza stel voor: Dat die Huis die swak werksomstandighede en die tekort aan mediese personeel in die Departement van Gesondheid van die Wes-Kaap bespreek.